Weerdergeboorte

Joh 3:1 "En daar was 'n man uit die Fariseërs met die naam van Nikodémus, 'n owerste van die Jode.
:2 Hy het in die nag na Jesus gekom en vir Hom gesê: Rabbi, ons weet dat U 'n leraar is wat van God gekom het, want niemand kan hierdie tekens doen wat U doen as God nie met hom is nie.
:3 Jesus antwoord en sê vir hom: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie **weer gebore** word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie.
:4 Nikodémus sê vir Hom: Hoe kan 'n mens as hy oud is, gebore word? Hy kan tog nie 'n tweede keer in die skoot van sy moeder ingaan en gebore word nie?
:5 Jesus antwoord: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie **gebore word** uit water en Gees nie, kan hy in die koninkryk van God nie ingaan nie.
:6 Wat uit die vlees gebore is, is vlees; en wat uit die Gees gebore is, is gees."

Nikodèmus, 'n **owerste** van die Jode – maw.- '**n leraar** van die jode, kom na Jesus, ons sien ook hy het in die **nag** na Jesus gekom. Omdat hy **bang** was vir die Jode, hy was bang vir sy **kolegas** - hulle sou hom uitmaak as 'n **verraaier**, hulle sou hom dalk **doodmaak**, of uit hulle **kringe verban**.

Hy sluip in die nag na Jesus,en hy **vra vir Jesus uit** omtrent die dinge van die Koninkryk van God.

Ons moet ook vir **Jesus vra** omtrent die dinge van die Koninkryk van God. Ons moet nie sommer net **alles glo** wat ons **hoor** nie, ons moet self by die voete van Jesus gaan sit en Hom uitvra omtrent die Hemelse dinge.

Ons moet **eerstehandse inligting** kry, en dit kan ons alleenlik net van **Jesus Self** kry. Mense het **baie kennis** en hulle **weet baie dinge**, maar God het **al die kennis** en **Hy weet alles**.

Jesus antwoord Nikodèmus: "Voorwaar, voorwaar……, as iemand nie **weergebore** word nie, kan hy die **Koninkryk van God nie sien nie**."

Dit blyk natuurlik of **al die mense** dit nie glo nie. Maar dit is **eerstehandse kennis** van **Jesus Self** af. Jesus sê **Self** ons moet **weergebore** word, nie 'n mens wat dit sê nie. Ons kan dit dus vir die **waarheid** aanvaar.

En omdat dit die **waarheid** is en 'n **vereiste** wat Jesus baie duidelik daar stel, is dit dan **noodsaaklik** om te **gaan kyk wat beteken** dit om weergebore te word.

Nikodèmus het dit ook nie al te mooi verstaan nie, daarom sê hy vir Jesus: "n Mens kan tog nie 'n **tweede keer** in die skoot van sy moeder ingaan om **weer gebore** te word nie."

Daarop antwoord Jesus: "Voorwaar, voorwaar …..,as iemand nie gebore word uit **water en Gees** nie kan hy in die koninkryk van God nie ingaan nie."

Jesus praat nie deur **gelykenisse** nie, hy praat nie in **raaisels** nie, Nee! – Hy sê reguit: "Indien iemand nie **weergebore** is nie, kan hy nie in die **Hemel ingaan** nie." Baie duidelik, elke mens kan dit verstaan. Niemand sal **verskoning** hê nie. Ons sal geen verskoning kan aanvoer nie.

Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou: Hierdie – **voorwaar** beteken: "**Dit sal so wees!!"** bo alle twyfel. Dit beteken: **"Amen"**. Dit is verseker so. Dit is **hoe** dit sal wees.

Dit is 'n **voorvereiste** wat die Here aan **elke mens stel** alvorens hy in die **Hemel** kan ingaan. En dit is die **waarheid**.

Voorwaar, voorwaar; dit beteken ook: **Tensy of behalwe**.

Ons kan nie in die Koninkryk van God ingaan nie, **tensy** ons weer gebore is nie. Of, ons kan nie in die Koninkryk van God ingaan nie, **behalwe** as ons weer gebore is.

Die Jode het 'n **Messias** verwag wat sou kom om die Joodse volk van hulle **verdrukking** te verlos. Hulle het 'n **koning** verwag, 'n **leier** wat hulle sou **bevry** van die **Romeinse mag** waaronder hulle gebukkend gegaan het.

Hulle het ook geglo, dat wanneer hierdie **Verlosser** van hulle kom, sou die **hele volk** deel daarin, sonder enige voorwaardes, omdat hulle **kinders** van **Abraham** was. Hulle het geglo dit sou die enigste voorwaarde wees om **te deel** in die **verlossing** van die komende Mesias.

Maar nou kom Jesus en verkondig aan hulle 'n nuwe Koninkryk, en Jesus sê: " Iemand kan **net daar ingaan** indien hy **weer gebore** is."

Jesus kom stel nou 'n **nuwe vereiste**; nie om 'n **kind van Abraham** te wees nie maar om 'n **nuwe skepsel** te wees. Sonder hierdie **nuwe geboorte** uit **water** en **Gees**, sê Jesus sal niemand daar kan ingaan nie. **Amen!** , dit **sal so wees**!!

Wat is wedergeboorte? Wat beteken dit om weer gebore te word?

Fisies kan ‘n mens tog nie vir ‘n **tweede keer** gebore word nie, dit is tog onmoontlik en onlogies. Ek is **veertig jaar oud** en nou moet ek weer ‘n **baba** word. Dit maak tog nie sin nie.

By my **eerste geboorte** was ek ook uit **water** en **gees** gebore. Ek was in die **vrugwater** in my moeder se skoot ontvang, en **God** het aan my ‘n **gees** gegee.

Gen 2:7 “En die HERE God het die mens geformeer uit die stof van die aarde en in sy neus die **asem van die lewe geblaas**. So het dan die mens ‘n **lewende siel** geword”

Wie blaas vandag die **asem van die lewe** in elke baba wat gebore word? Nog steeds **God**, niemand anders **behalwe God** kan lewe gee nie. Ons is almal dus alreeds uit **water en gees** gebore.

Hoekom moet ons dan **weer gebore** word?

Hierdie **eerste water en gees**, is die vrugwater van my moeder; en my gees wat God aan my gee, sodat ek ‘n **lewende siel** word.

Let op daar in Joh. 3 word Gees met ‘n **hoofletter** geskryf. MAW; Dit is **God se Gees**, dit is die **H.G.** Ons moet deur **water** en die **H.G.** weer gebore word.

Deur die H.G. vind die **genadewerk** van God in ons **siele** plaas waardeur ons **kinders** van God word, en ervaar ons die ondervinding van ‘n **nuwe** skepsel.

2Kor. 5:17 “Daarom, as iemand in Christus is, is hy ‘n **nuwe skepsel**; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het **alles nuut** geword.”

By die eers**te geboorte** waar ons ‘n **lewende siel** word, word ons in die **sonde van Adam** gebore. **Elke mens** word **in sonde** ontvang. Let op: **In** sonde en nie **met** sonde soos somiges beweer nie.

Rom 3:23 “want **almal het gesondig** en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God,”

Wys my iemand wat **sê** hy het **nie sonde nie** en ek wys u ‘**n leunnaar**. Want God se woord sê: “**Almal het gesondig**.” Dit beteken nie dat ons in opsetlike onsedelike sondes lewe nie, maar **in Adam** het ons almal gesondig **EN** het ons by ons natuurlike geboorte die gesindheid van Adam geërf. Ons het die **sondige natuur** van Adam geërf.

In Adam is ons a**lmal sondaars** en is ons ook **almal bestem** vir die **ewige oordeel**.

Wat moet dus gebeur? Wat moet gebeur sodat ons die **ewige oordeel** kan **ontvlug**?

Ons moet uit Adam se **natuur uitkom**, ons moet 'n **ander natuur** ontvang, ons moet **God se natuur** ontvang; en dit kan net gebeur wanneer **God Self** in ons kom woon.

Adam se natuur is **besoedel**, God se natuur is absoluut **rein bo alles**. Ons moet die besoedelde natuur afsterf en ons moet met God se rein natuur gebore word. Die **ou mens van sonde moet sterf**, hy mag nie meer **voortbestaan** nie.

En dan moet ons met die **nuwe mens beklee** word, gebore deur die **doopwater** en die **Gees** van Jesus Christus.

Gal 3:27 "want julle almal wat in **Christus gedoop** is, het julle met **Christus beklee**."

Deur die **doop** word ons met **Christus se natuur beklee**. Is dit so? Kom ons kyk wat sê **Titus 3:5:**

"nie op grond van die werke van geregtigheid wat ons gedoen het nie, maar na sy barmhartigheid het Hy ons gered deur die **bad van die wedergeboorte** en die **vernuwing** deur die **Heilige Gees**
:6 wat Hy ryklik uitgestort het op ons deur **Jesus Christus**, ons Verlosser;"

Hand. 2:38 "En Petrus sê vir hulle: Bekeer julle, en laat elkeen van julle **gedoop** word in die **Naam van Jesus Christus** tot **vergewing van sondes**, en julle sal die **gawe** van die **Heilige Gees** ontvang."

Baie duidelik hou die doop — die **water**-- en die **H.G.** verband met mekaar.

Laat julle **doop** en julle sal die **gawe** van die **H.G. ontvang**. Julle sal die **gawe van God** ontvang. Julle sal die **genade** van God ontvang. Julle sal die **ewige lewe** ontvang. Julle sal die **Gees** van God ontvang. God sal in julle **harte kom** woon. Julle sal Adam se natuur afsterf en God se natuur ontvang.

Daar is **geen ander plek** of **wyse** om die **ou sondige natuur** van Adam af te sterf nie, behalwe net deur die doop in Jesus Christus, want dan word ons met **Christus beklee**.

Ons ontvang 'n **nuwe natuur** en wanneer ons 'n nuwe natuur ontvang, word ons 'n **nuwe skepsel**. Dan het die ou sondige lewe van Adam waarin ons gebore is verby gegaan en alles het vir ons nuut geword.

1Kor 15:22 "Want soos hulle almal in **Adam sterwe**, so sal hulle ook almal in **Christus lewend** gemaak word;"

Alleenlik net in Christus Jesus kan ons **lewend gemaak** word en alleenlik net deur die **doopwater** kan ons met Christus beklee word. En ontvang ons ook die belofte van die **invulling** met die **H.G.**

Wat kan ons uit al hierdie dinge aflei??

Wat beteken dit om 'n nuwe skepsel te wees??

In die eerste plek beteken dit: Die **ou mens van sonde bestaan glad nie meer nie**. Dit is nie net '**n verandering** wat ons ondergaan nie, ons ondergaan nie net 'n **gedaante verwisseling** nie. Nee, die ou mens sterf en verdwyn totaal van die toneel. Hy kan **nooit weer gevind** word nie.

'n **Nuwe mens** word gebore, geskape na die **beeld van God**. Dit is nie soos 'n **huis** of soos 'n **motor** wat net pragtig van buite nuut oorgeverf word nie, maar 'n totale nuwe skepping – van **binne**-- deur die **Gees van God wederbaar**.

Luk 5:36 "En Hy het ook aan hulle 'n gelykenis vertel: Niemand sit 'n lap van '**n nuwe kleed** op 'n **ou kleed** nie; anders skeur dit die nuwe ook, en die lap wat van die nuwe af kom, **pas nie by die oue** nie.
:37 En niemand gooi nuwe wyn in **ou leersakke** nie; anders sal die nuwe wyn die **sakke skeur**, en dit sal **uitloop**, en die **sakke sal vergaan**.
:38 Maar nuwe wyn moet in **nuwe sakke** gegooi word, en altwee word saam behou.
:39 En niemand wat ou wyn gedrink het, wil dadelik nuwe hê nie; want hy sê: Die oue is beter."

Terwyl ons van die **oue drink** is dit seker **moeilik** om na die **nuwe** oor te gaan, maar dit is doodeenvoudig net 'n wilsbesluit wat geneem moet word.

En dan moet die **ou mens van sonde** saam met Christus in die **doopbad begrawe** word, en daar sal 'n **nuwe skepsel** opstaan, **nuut gebore** in Christus.

Die o**u leersakke** moet uit die **weg geruim** word, dit **moet begrawe** word. Dit help nie om te **probeer** om net 'n bietjie lapwerk te doen nie. Die lappe sal nie hou nie, dit sal **afskeur** en ook 'n **groter skeur** in die ou sake maak wat sal veroorsaak, dat al die H.G. daardeur uitlek.

Ons moet totale nuwe sakke word. Ons gees moet weer oor gebore word, herskep word deur **God se Gees**. Ons moet 'n totale nuwe denke ontvang.

Matt. 7:16 "Aan hulle vrugte sal julle hulle ken. 'n Mens pluk tog nie druiwe van dorings of vye van distels nie!
:17 So dra elke **goeie boom goeie vrugte**; maar 'n **slegte boom dra slegte vrugte**.
:18 'n Goeie boom kan geen slegte vrugte dra nie, en 'n slegte boom ook geen goeie vrugte nie.
:19 Elke boom wat **nie goeie vrugte** dra nie, word **uitgekap** en in die vuur gegooi.
20 So sal julle hulle dan aan hul vrugte ken.
:21 Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die **wil doen** van my Vader wat in die hemele is."

Die ou boom wat slegte vrugte dra moet **uitgekap word** en daar moet 'n **nuwe boom geplant** word.

Rom 7:4 "So, my broeders, is julle dan ook ten opsigte van die **wet dood** deur die liggaam van Christus, om aan 'n ander te behoort, naamlik aan Hom wat uit die dode opgewek is, sodat ons tot **eer van God vrugte kan** dra.
:5 Want toe ons in die **vlees** was, het die **sondige hartstogte** wat deur die wet kom, in ons lede gewerk om vir die **dood vrugte** te dra.
:6 Maar nou is ons ontslae van die wet waardeur ons **gebonde** was, aangesien ons dit **afgesterf** het, sodat ons dien in die **nuwigheid van die Gees** en nie in die **oudheid** van die **letter** nie."

Ons lewe nou as 'n **nuwe skepsel** deur die **Gees** van God. Die **ou sondige vlees** het ons nou **afgelê**, deur dit **af te sterf** in die doopbad van die weder – boorte en die vernuwing deur die H.G.

Waar is die **ou mens**? Hy bestaan **glad nie** meer nie. Hy is **weg**, hy het **gesterf**. Ons is nou nuwe mense, **nuut gebore** deur die **bloed** van Jesus Chrtistus.

Heb 10:19 "Terwyl ons dan, broeders, vrymoedigheid het om in die heiligdom in te gaan deur die bloed van Jesus"

1Joh. 5:6 "Dit is Hy wat deur **water** en bloed gekom het, Jesus die Christus; nie deur die **water** alleen nie, maar deur die **water** en die bloed; en dit is die **Gees** wat getuig, want die **Gees** is die waarheid."

Kol 1:14 "in wie ons die verlossing het deur sy bloed, naamlik die vergifnis van die sondes."